

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 75 6 November 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Ons dank ds Rudi Schoeman vir die volgende redaksioneel:

Van Belydend na Strydend

Dit is vyf jaar na die NHKA se omstrede 69e Algemene Kerkvergadering (AKV) van 2010. Wie sou ooit, met die aanloop tot die 69 ste AKV, kon dink dat die situasie in die NHKA so sou verander het? Die veranderings en onstuimigheid binne die NHKA en onkunde oor die GHG veroorsaak sedertdien onsekerheid by kerklidmate. Dit is werklik belangrik om net weer te kyk na die redes vir die veranderde omstandighede wat ons nou op kerklike terrein beleef. 'n Mens sou die wortel van die kwaad kan soek by die omstrede Beskrywingspunt 54 en die aanvaarding daarvan. Ons is immers vyf jaar verder en nog steeds word die Geloofsbond se predikante en gemeentes van politieke motiverings beskuldig. Maar vir die soveelste keer moet dit op rekord geplaas word dat dit **nie die geval is nie**.

'n Mens sou 'n sterk saak kan uitmaak dat hierdie kwessie "tot in die grys verlede" teruggaan en verwys na die Ruysch-van-Dugteren-saak van 1905, of die Pont-

Naude-Geyser saak van 1963. Die punt bly staan: Die stryd binne die NHKA woed al vir jare voor 2010, en is baie duidelik met die "Eietydse getuienis" van 1995 uitgewys. Die 69ste Algemene Kerkvergadering se besluit was net 'n bevestiging dat vergeefse jarelange waarskuwings op dowe ore geval het.

'n Ander saak wat ook genoem kan word - en wat bykans ongesiens verbygesluip het - is die voorstel van dr Botma en dr Otto wat op die Maandagoggend van die 69e AKV gedien het. Hierdie voorstel wat die twee doktore ter tafel geplaas het, het versoek dat die Twaalf Geloofsartikels (Apostoliese Geloofsbelydenis / "Apostolicum") sou dien as basis vir gesprek rakende verskille oor belydeniskwessies. Na 'n hewige debat en uiteenlopende menings is die voorstel verwys, en het die vergadering dit nie aanvaar nie. Hierdie optrede van die 69e AKV is na my mening 'n bevestiging van die bedroeë toedrag van sake, want as 'n kerk nie eens sonder voorwaarde die Apostolicum as interne gespreksbasis kan aanvaar nie, dui dit tog op baie dieperliggende onderstrome.

Met die verwerping van die twee doktore se voorstel op daardie Maandagoggend, en

die aanvaarding van Beskrywingspunt 54 die Vrydagoggend, het dit duidelik geword dat die NHKA bewustelik of dalk met onbewuste ouderlinge 'n nuwe koers ingeslaan het. Daar sal beslis heelparty teenstemme wees vir my stelling, maar die toekoms behoort die waarheid uit te wys - die NHKA het met hierdie genoemde besluit officieël die pad oopgemaak vir besluite wat tradisioneel binne die NHKA ongehoord sou wees. Volgende besluite sal bevestig dat 'n omkeer in Leer- en Lewensbeskouing plaasgevind het. Dit is duidelik indien 'n mens die tradisionele Hervormde teologie en Skrifbeskouing in gedagte hou.

Waarheen is die kerke op pad? Die kerk van Christus staan tog vir 'n saak, naamlik die verlossing van sonde en dood deur die geloof in Jesus Christus. Hierdie saak word in die belydenis verwoord. Sou 'n kerk sy belydenisgrondslag verlaat, is dit die begin van die einde, want dan staan die kerk tog nie meer waarvoor hy gestaan het nie. In die 19de eeu was daar 'n wekroep in die Nederlandse Hervormde Kerk: "De Confusie komt in plaats van de Confessie." Is dit nie presies wat die besluite in die NHKA en die NGK veroorsaak het nie? Die vraag wat menige kerklidmaat kan vra, is: "Wat glo my kerk?" Die antwoorde binne die kerke is tog duidelik uiteenlopend, om maar net na die homoseksuele kwessie binne die NGK te verwys. Sommige lidmate antwoord "Niks het by ons gemeente verander nie" Maar luister 'n slag na die NGK-sprekers in die media, of lees gerus die "NHKA-hoogleraar" se reaksie op die NG Kerk se besluit. Die kerke en plaaslike gemeentes praat duidelik nie meer uit een mond nie.

As 'n mens moet vra na beginselvastheid by die NHKA, kan die antwoord skok.

Indien 'n mens sou vra: "Wat glo die NHKA?", is die antwoord skokkend in inhoud en gevolge. Die gevolge van die NHKA se besluite tydens die 69ste AKV (totstandkoming van die GHG, verklarings rondom die gay-kwessie, hofsake oor eiendom en dies meer) is na my mening 'n bewys dat die NHKA van 'n belydende volkskerk gespring het na 'n strydende beweging.

Die kerke verkondig nie noodwendig meer die verlossing in Jesus Christus nie, maar eerder die sogenaamde "kontekstuele teologie", dit beteken dat die eise van die samelewing meer gesag dra as die eise van Godswaard. Lidmate moet vandag besluit of hulle deel van 'n belydende geloofsgemeenskap wil wees of van 'n strydende gemeenskap/beweging. Vyf jaar is nog jonk maar mag die GHG koersvas die toekoms in, die oë gevestig op Christus die begin en voleinder van die geloof.

BERIGTE

HERVORMINGS DAGVIERINGE IN BLOEMFONTEIN

Op Saterdag 21 Oktober 2015 het die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein 'n Hervormingsdag geleentheid aangebied. Ds (em) Piet Viljoen het 'n treffende openingspreek gehou na aanleiding van Efesiërs 10 : 6 - 20 oor die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Hy het daarop gewys dat 'n swaard net iets beteken as dit hanteer word. So het Jesus die swaard hanteer toe Hy vir die Emmausgangers die Skrifte uitgelê het. Luther het ook hierdie Geestelike swaard opgeneem toe hy op die Ryksdag van Worms gesê het "Tensy ek deur die getuienis van die Skrif of deur klaarblyklige

rede oortuig kan word... is ek gebonde deur die Skrifgetuigenis wat ek aangevoer het en bly my gewete 'n gevangene van God".

Ds Jaap Steenkamp van Die Wilge het baie oortuigend en bevatlik gepraat oor die taak van die Kerk vandag. Hy het aangetoon dat die saak heel eenvoudig is, naamlik dat die Kerk moet vashou aan die boodskap van die Bybel en dit verstaanbaar moet verkondig sonder enige menslike toevoegings of afwykings. Die organiseerder ds Lewis Strauss het die aanwesiges opgeroep om in hulle omgewing reëlings te begin tref vir 'n behoorlike feesviering wanneer die Kerkhervorming oor twee jaar 500 jaar oud sal wees.

Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n toespraak deur prof (em) Johan Janse van Rensburg (NG Kerk, UOVS) oor die ontluikende Kerk en hoe vêr dit afwyk van die beginsels van die Kerkhervorming. Hy het skokkende gegewens verskaf oor die invloed wat die ontluikende kerk reeds binne die bestaande kerke het. Die aanwesiges was dit eens dat die inligting wat hulle aangehoor het, te belangrik is om net vir hulself te hou. Daarom word tans reëlings getref vir die beskikbaarstelling van die klankopname van die dag se verrigtinge en ook die publikasie van die preek en toesprake. Vir navrae kontak ds Lewis Strauss by 076 061 0129 of per E-pos ljstrauss@lantic.net

KENNISGEWINGS

1. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 mense te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Die trekking van die wenner vind einde November plaas. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.

• **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

Gemeentes moet asseblief kennis neem dat Teamwork Printers bestellings vir **drukwerk tot en met 25 November 2015 sal aanvaar**. Enige bestellings na dié datum sal eers in die nuwe jaar gelewer word, aangesien hulle sluit vir Desember en weer 11 Januarie 2016 open. Veral bestellings vir die jaar kalenders en konsistorieboeke is belangrik aangesien dit Januarie 2016 alreeds in gebruik geneem word.

2. Geloofsbond Eredienste :

www.geloofsbond.co.za

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke.

Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>



Lewensbrood 2016 Bestellings

Prys: R100-00 (Elke gemeente is verantwoordelik vir die afhaal van hulle boeke)

Keerdatum: 16 Oktober 2015
Kontant by bestelling

Plaas bestellings by Ella Joubert
ella@teamworkprinters.com
011 892 4660
082 564 1915

Betaal asseblief in die **Bond se rekening** in.
Stuur **bewys van betaling** saam met bestellings.

Bankbesonderhede:
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Eerste Nasionale Bank (FNB)
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Tak: Pretoria-Noord
Takkode: 250 655

Verwysing: LB2016

3. GELOOFSBONDKWILT

Die koning/ koninginggrootte kwilt is saamgestel uit blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes se dames ingestuur is. Die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus, wat 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand. Die fondse gaan aangewend word vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente.

Lootjievorms is beskikbaar by Ella teen R20 elk of R100 vir 6. Lootjielyste is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes. Gemeentes kan ook met Ella skakel om nog lootjielyste te kry. Kontak haar gerus by

ella@teamworkprinters.com

Lootjies beskikbaar tot einde November .2015.

4. LEWENSBROOD 2016 kan binnekort afgehaal word.

Onthou, elke gemeente is vir sy eie afhaal verantwoordelik.

Dankie aan al die gemeentes wat hul bestellings so getrou geplaas het.

Daar is gemeentes wat soveel as 200 Lewensbrode bestel en betaal het. Ons Lewensbrood word wyd gelees en is 'n kosbare boek om saam met u Bybel te gebruik.